# HOE KOM GOD AAN DIE WOORD IN DIE PREDIKING?
## DIE WERKLIKHEID EN TAAL WAARIN ONS OOR GOD PRAAT

*Prof HJC Pieterse*
*Departement Praktiese Teologie*
*Universiteit van Pretoria*

***ABSTRACT***

***HOW DOES GOD SPEAK IN PREACHING? REALITY AND LANGUAGE AS THE SPHERE OF OUR GOD TALK***

*The current view on a closed reality (there is no reality besides human reality) and the view on the limitations of human language so that we are unable to refer to God in preaching, put many preachers in a spot. These views are promoted by modern and some postmodern thinkers, and filter through films, television, music and the media to the minds of the people in the pews. In this article a hermeneutical understanding for finding the meaning of the text for topical preaching in our day is put forward. Furthermore, we can preach with confidence and commitment if we accept alternative views as our approach to these issues: A postfoundational epistemology; a critical realist view of reality; and an understanding of the potential of language according to the speech action theory.*

## 1 INLEIDING

In die probleemstelling by die eerste artikel van hierdie navorsingsprojek waarmee ek besig is oor die vraag "Hoe kom God aan die woord in die prediking?" is die huidige tydsgees aan die orde gestel (vgl Pieterse 2005:77-95). Die postmoderne denke (nog as 'n uit-

vloeisel van die modernisme, daarom praat ons ook van laat-modernisme) het oor die siening van die werklikheid basies dieselfde uitkyk as die modernisme. Dit wil sê dat beide denkstrome die menslike ervaringswerklikheid as die enigste werklikheid beskou. Daar is nie plek in hierdie opvatting vir 'n werklikheid onafhanklik van die mens se ervaring en taal nie (vgl Lyotard 1990; Altena 2003:22; Lose 2003:19; sien ook hieroor Pieterse 2005:90). Hulle wêreldbeeld is 'n wetenskaplike wêreldbeeld wat die werklikheid as 'n geslote werklikheid sien. Buiten die mens se ervaring op hierdie wêreld is daar niks anders nie – geen eksterne, geen geestelike werklikheid nie. Die homiletiese implikasie van hierdie filosofiese vertrekpunte is dat ons nie meer van God, die Gans Andere, as 'n Persoon binne, maar ook buite ons menslike werklikheid kan praat in die prediking nie. Dat hy ons deur sy Woord in die Skrif en deur die werk van sy Gees in die preek van *buite* ons idees en sieninge kan aanspreek, word dan onmoontlik. Daarom konsentreer sommige homilete in die New Homiletic beweging in die VSA op menslike religieuse ervaringe. Hulle sluit daarby aan en kom nie verder as die deel met mekaar van dié soort ervaringe in die prediking nie (vgl Immink 2004).

Die probleem wat die huidige tydsgees met sy siening van die werklikheid vir die prediking skep, word egter nog verder verdiep deur die veranderinge in die sang en musiek in die erediens van die laaste jare wat predikers laat twyfel aan ons reformatoriese teologie soos ons dit in die eerste twee artikels aangesny het. Long (2001:5) toon aan dat 'n nuwe liturgiese beweging, 'n "cultural tide" in die VSA, die tradisionele liturgie wat 'n vernuwende ekumeniese beweging geword het na 1963, totaal verwerp het. Onder die versamelnaam van die "Praise and Worship"- beweging word die eeuelange verworwenhede van die kerkmusiek en sang by die deur uitgegooi en vervang met sang en musiek wat aansluit by die huidige populêre musiek en sang. Anton Bosch beskryf hierdie beweging uit Amerika as die "New Apostolic Reformation" wat negatief ingestel is teenoor die Reformasie (van Luther en Calvyn) en dit doelbewus wil vervang. Ingeweef in hierdie beweging is daar die stigting van onafhanklike kerke met groot getalle, elemente van die "prosperity gospel" en 'n eiesoortige liturgie (Bosch 2005). Marcel Barnard het bevind dat waar die liturgiese beweging van die laaste honderd jaar in Nederland 'n alternatiewe erediensgemeenskap teenoor die kultuur van die modernisme geskep het, die nuwe beweging juis by die populêre kultuur en denke van die postmodernisme aansluit (Barnard

2006). Twee kritiese boeke oor die beweging in Amerika is van oordeel dat hierdie Christelike geloofstoewyding baie vlak is. Mark Edmundson noem dit "Religion Lite" en meen "There are few resources in such faiths to deal with tragedy and horror" (Edmundson 2004:138). As gevolg van die gebrek aan teologiese diepte in die sang en musiek, asook in sommige van die teologieë in die beweging, wat sterk fundamentalisties is, vrees Edmundson dat daar 'n grootskaalse verlating van die geloof in die toekoms kan plaasvind. Die probleem wat in hierdie artikel hanteer word, word nie in die fundamentalistiese teologie hanteer nie. Mense leef in vandag se wetenskaplike wêreldbeeld en word nie gehelp om die boodskap van die teks uit die pre-moderne wêreldbeeld van die Bybel sinvol vir vandag te verstaan nie. David Wells vrees dat "The sea that looked to be a mile wide turned out to be only an inch deep" (Wells 1994:-18). Daar is wins in die musiek en sang van die beweging (sien Long 2001:53-64; 85-96), maar daar is ook 'n skadukant. McElwain toon in sy proefskrif aan dat die vervanging van die Wesleyaanse liedere deur die nuwe liedjies in die Metodistekerk 'n teologiese vervlakking in die kerklidmate se teologiese verstaan veroorsaak (McElwain 2007). Dit problematiseer die aansluitingsvlak van die preek by die lidmate se teologiese vooronderstellings waarmee elke prediker en gemeentelid werk. Hierdie saak (sang en musiek) moet in die liturgiek en himnologie hanteer word. Hier probeer ek om vir die prediking grond onder die voete te plaas ten opsigte van teologie en die verstaan van die werklikheid in ons tyd en konteks.

Die eerste navorsingsvraag wat in die eerste artikel gestel is, het soos volg gelui (vgl Pieterse 2005:91):

> a) Wat is die verhouding tussen openbaring (God se woord en die teologiese konsepte daaroor) en menslike godsdienstige ervaring sodat daar aan beide bipolêre pole reg kan geskied in die geloofsverhouding tussen God en mens? Wat is die homiletiese implikasies?

Hierdie aspek van die ondersoek het onder die loep gekom in twee artikels (Pieterse 2005a ; Pieterse 2005b). Daarin het ons in die eerste artikel (Pieterse 2005a) *teologies* gesien dat God as Drie-enige God verhewe is (transendent) en heel naby: eksistensieel en lewensveranderend naby ons is (immanent). Die homiletiese implikasie vir ons tyd is die bevinding dat die prediking die kennis van God en die kennis van ons self in die lig van die Skrif sal moet uitpak vir die ge-

meente wat nie meer die Bybel goed ken nie. Verder sal daar baie aandag aan onderrig uit die Skrif in die prediking gegee moet word. Die bevinding van die tweede artikel oor hierdie eerste navorsingsvraag is dat predikante in die tydsgees van vandag vrymoedigheid kan kry om die evangelie met oortuiging te preek indien hulle 'n vaste vertroue op God se beloftes volgens ons Reformatoriese teologie het. Kennis en vertroue in ons teologie as die grammatika wat die taal van ons prediking rig, is uiters noodsaaklik vir die prediking vandag (vgl Pieterse 2005b:126-128; Pasquarello III 2005:5-10, 135-139). Hierdie twee artikels het die teologiese grondslag vir die ondersoek hanteer.

Twee verdere navorsingsvrae wat in die inleidende artikel gestel is, kom nou aan die orde (Pieterse 2005:92). Dit is:

> b) Is daar 'n epistemologie wat ons ter hand kan neem wat 'n denkplatform skep in die verwerwing van Godskennis deur die openbaring in die Skrif heen? Wat is die homiletiese implikasies?
> c) Is daar 'n taalbeskouing wat verwysing deur taal na 'n werklikheid (die werklikheid van God) moontlik maak? Wat is die homiletiese implikasies?

In hierdie artikel moet bogenoemde twee navorsingsvrae dus behandel word en aan die einde van die artikel vraag (d) as konklusie (Pieterse 2005:92). Eers sal ek die algemeen-aanvaarde hermeneutiese grondslag vir aktuele Skrifprediking kortliks aanstip. Daarna sal die vraag beantwoord moet word oor hoe ons *in die denkklimaat van vandag* hierdie hermeneutiese aanpak van die boodskap in die konteks van die teks verstaan en dan in ons eie konteks preek met 'n duidelike verstaan, begrip en taal van die eie gemeente. Dit sal beteken dat 'n mens moet kyk na 'n aanvaarbare teologiese epistemologie, 'n aanvaarbare alternatiewe filosofiese siening van die werklikheid en 'n taalbeskouing wat ons in staat stel om na God te kan verwys in die prediking. Om hierdie vrae in die denkklimaat van vandag te hanteer, sal ons die postfundamentele benadering tot kennisverwerwing kortliks aanstip, die kritiese realisme as siening van die werklikheid aan die orde stel, daarna die kreatiewe en perfomatiewe krag van taal volgens die taalanalitiese filosofie kortliks bespreek, om eindelik tot 'n konklusie te kom.

## 2 FUNDAMENTELE ASPEKTE VAN DIE HERMENEUTIESE OPDRAG VIR DIE PREDIKING

In ons huidige tydsgees met 'n wetenskaplike wêreldbeeld wat oor die algemeen by ons funksioneer, het die predikant die *opdrag* om die heilsboodskap soos die teks daarvan getuig oor God se beloftes, sy woorde en sy dade, in die Bybelse teks te gaan vind. In hierdie één proses van preekvoorbereiding moet hy/sy dit tegelyk in vandag se tyd en taal so interpreteer dat die Woord van God opnuut sinvol en bevrydend in die prediking aan die woord kom. Dit beteken dat ons in 'n soort geslote wêreldbeeld die heil in Christus moet kommunikeer. Die heil kan alleen maar *toegesê* word aan ons. Ons kan dit nie verwerf nie. Dit is 'n geskenk van God wat van *buite* ons kom, vanuit die onsienlike, geestelike werklikheid! Alhoewel dit in die Skrif in mensetaal deur die getuienis van die apostels tot ons kom en geïnterpreteerde ervaring is, is dit *geopenbaarde* heil. Dit kom van God. Maar, dit moet altyd aktueel gepreek word. Die dinamiet van die verlossende evangeliewoord moet opnuut in ons vrae, sieninge, probleme, smart, vreugde en oorwinnings ontplof sodat die krag van God se genade en heil lewensveranderend in ons midde gebeur. Van die "Formgeschichte" het die homiletiek geleer dat die nuwe testamentiese tekste vanuit die geloofsgemeenskap ontstaan het. Dit was prediking aan die gemeentes en die skrifgeworde tekste kom voort uit die verkondiging van die eerste Christelike gemeentes. "Aus geschehener Verkündigung soll geschehende Verkündigung werden" (Ebeling 1967:345). Die Woord wat geskied het, word weer 'n Woord wat geskied, gebeur in die prediking. Om bogenoemde opdrag vandag uit te voer het ons 'n hermeneutiese teorie nodig.

Gadamer se hermeneutiek het ons bewus gemaak van die uiterste belang van *konteks* in die verstaansproses. Die verstaan of interpretasie van 'n teks uit die verlede het te make met die konteks waarin die *leser* hom/haar bevind (Gadamer 1960;1975). Dit het die implikasie dat iedere veranderde konteks van waaruit die interpreteerder die teks lees 'n invloed het op die verstaan van die teks. 'n Teks het meerdere betekenisse. In die Bybelse teks werk die Heilige Gees as dit biddend gelees word. Die teks het 'n dinamika, die dinamika van God se Woord vir elke tyd en situasie. Die prediker moet dus sy eie konteks ernstig neem en grondig ken – ja, eksistensieel saam met sy gemeentelede ken en ervaar. Die eie konteks waarmee die teks ontmoet en geïnterpreteer word, maak die moontlikheid oop vir 'n dinamiese, aktuele boodskap uit die teks.

Die prediker werk dus met *twee kontekste* – vandag se konteks asook die konteks waarin die teks onstaan het en geskryf is. Dit is die wêreld van vandag en die wêreld van die teks. Tussen hierdie twee groothede (die teks en die eksegese daarvan) en die geloofsgemeenskap in vandag se situasie, beweeg die prediker verstanend heen-en-weer totdat daar klaarheid kom oor die boodskap van die teks vir die preek van volgende Sondag in die konteks van die gemeente. Dit beteken dat die prediker die teks tegemoet gaan met die eie verstaan van vandag se wêreld en hierdie verstaan byhou in die eksegetiese proses. Maar dit beteken ook dat die prediker deeglike wetenskaplike eksegese van die teks en sy wêreld moet doen op 'n verstanende wyse. Wanneer hierdie twee wêrelde in die hermeneuse ontmoet met hul eie sieninge van die saak waarom dit gaan, vind daar 'n *konfrontasie* plaas (Gadamer 1960:279; Ricoeur 1981:184-193). Dit is moontlik vanweë die tydsgaping, die verskillende verstaanshorisonne en die vreemdheid van die teks. Daarom benader ons die konteks en die vreemdheid van die teks met ons *vooroordele* (Gadamer 1960:255-297). Juis in die konfrontasie tussen ons vooroordele (die wyse waarop ons dinge sien en die hoek vanwaar ons na die wêreld kyk) en die vreemdheid van die teks se sieninge en boodskap, geskied die ware hermeneutiese proses en die gevolglike verstaan (Gadamer 1960: 79).

Die prediker het egter reeds 'n *voorverstaan* van die teks. Dit is die deurwerking van die teks se invloed in die geskiedenis van die kerk soos dit neerslag vind in die dogmageskiedenis en die geloofsbelydenisse, asook die preektradisie. Maar die eintlike voorverstaan is die geloofsgemeenskap se verstaan van die Skrif, hulle geloof en hul situasie soos die prediker namens die gemeente die teks benader. Dit is verstaanshulpe vir die prediker (Henau 1997:477-478). Die prediker doen deeglike eksegese op soek na die betekenis van die teks, die boodskap. Daar moet eers 'n *betekenisontwerp* van die teks se boodskap in die preekvoorbereiding gemaak word (Jonker 1998:47; vgl Immink 1997:480-484). Daarna volg as 'n soort konsentraat uit die hele hermeneutiese proses en in die rigting na die preek van volgende Sondag toe, die *vertolkingsaanbod of -ontwerp* (Jonker 1998:71, 76). Evert Jonker maak onderskeid tussen verstaan en vertolk in die proses. Die verstaan is die verstaan van die teks se boodskap en die dinamika van die teks soos die eksegese dit oplewer (vgl ook Long 1989 oor die dinamika, die "force" van die teks). Vertolking in hierdie homiletiese semantiek is *meer* as verstaan. Om 'n preek te maak wat voortvloei uit die hermeneuse moet daar *meer*

geskied as slegs die eksegese. Prediking is *meer* as eksegese. Vertolking is 'n *kreatiewe respons op die eksegese* in die rigting van 'n aktuele preek vir volgende Sondag se erediens in die konteks van die gemeente. In hierdie kreatiwiteit word die prediker geïnspireer en begelei deur die werk van die Heilige Gees (vgl Henau 1997:476, 478; Jonker 1998:76; Pieterse 2001:97-99).

In die verstaansproses kom daar gewoonlik 'n moment waar die teks met sy boodskap die biddende prediker aanspreek (Pieterse 2001:88). Daar vind 'n omkeer plaas waarin die teks ons sieninge en verstaan oopbreek en met sy wêreld in ons wêreld inkom. Die teks maak nuwe lewensmoontlikhede oop, 'n nuwe visie, 'n nuwe verstaan (vgl Ricoeur 1981:191). Dit beteken dat die prediker aangespreek word en daar vir haar/hom 'n nuwe insig en uitsig kom. Die prediker wat deur die teks se boodskap verander is, word *getuie* van die Woord in die preek (oor die getuienismodel in die homiletiek vgl Long 1989; Pieterse 1979; Jonker 1998:78; De Roest 2006:154-165). Die prediker as eksistensieel veranderde mens getuig van die werking van God se Woord en Gees tot 'n nuwe weg in die prediking. As getuie is die prediker volgens die voorwaardes vir egte kommunikasie besield oor die *waarheid* van die boodskap; is sy/haar aanpak volgens etiese *juistheid* – die hoorder is vry om keuses te maak; en kom sy/hy as *waaragtig*, eg en met integriteit oor (vgl De Roest 2006:157, 159, 162; Habermas 1982).

Om op hierdie wyse die boodskap van die Bybel te verstaan en te vertolk, vanaf die wêreld van die Bybelse tyd na die wêreld van ons tyd met sy anderse tydsgees, vra vrymoedigheid van die prediker en nie verleentheid nie. Die vrymoedigheid kan ons verkry as ons weet dat daar 'n ander siening van die werklikheid is as die modernisme/postmodernisme se siening en dat daar 'n siening van taal is wat die moontlikheid op wetenskaplike gronde gebaseer, oopbreek om oor God in ons mensetaal te kan praat.

## 3 TEOLOGIESE EPISTEMOLOGIE. 'N RASIONELE SIENING VAN DIE WERKLIKHEID EN ONS SPREKE OOR GOD

### 3.1 'n Postfundamentele benadering tot kennisverwerwing in die teologie

Vir die laaste paar eeue het ons uitgegaan van 'n fundamentele uitgangspunt vir ons kennisverwerwing. Daar was vaste vooronderstellings wat alle dissiplines aan die universiteit aanvaar het. Gebou op hierdie een-vormige vertrekpunte kon ware kennis versamel word – ook in die teologie. 'n Teks het eintlik net een regte betekenis gehad en jy moet die reëls vir die eksegese ken en toepas om hierdie betekenis te vind. Die onsekerheid van die tye en die tydsgees sedert die Tweede Wêreldoorlog (1945 en daarna, veral na 1960) met sy fragmentasie, pluralisme en skeptisisme is raak verwoord in die geskrifte van die postmoderne filosowe (Lyotard 1990; Foucault 1979; Derrida 1973 en andere). Met snydende kritiek is die vaste uitgangspunte vir objektiewe kennisverwerwing van die fundamentalisme, gebou op die modernisme, deur die postmoderne skrywers verwerp. Daarteenoor het hulle 'n nie-fundamentele uitgangspunt gestel wat in sy meer ekstreme vorme subjektiwisme, relatiwisme en irrasionalisme in die hand werk. Ons kan oor niks seker wees nie en die waarheid is vir elke subjek anders. Die boek van Bernstein wat ons filosofies uit die impasse gelei het, het 'n weg begin aanwys verby die objektiwisme van die fundamentele benadering en die relatiwiteit, die subjektiewe van die nie-fundamentele benadering (Bernstein 1983). Vir die teologie het Van Huyssteen hierdie weg aangewys, naamlik 'n postfundamentele benadering (Van Huyssteen 1997).

Uit die verworwenhede van die fundamentele en die insigte van die nie-fundamentele benaderinge tot rasionaliteit en kennisverwerwing moet 'n nuwe weg, die *postfundamentele benadering* ontwikkel word (Van Huyssteen 1997:4). Die postmoderne staan nie direk teen die moderne aanpak nie, maar is eerder 'n kritiese terugkeer na die vrae wat deur moderniteit geopper is. Daarom kan ons steeds krities gedeeltelik daarby aansluit. Die rasionele hoef nie verwerp te word nie (Van Huyssteen 1997:287). Die nie-fundamentele benadering word ook in berekening gebring maar nie in geheel gekoop nie (Van Huyssteen 1997:47). Die postfundamentele benadering soek op 'n rasionele wyse na *goeie redes* waarom ons se-

kere oortuigings in ons Christelike geloof aanhang; goeie redes vir ons morele keuses en eie manier van optrede. In hierdie epistemologie soek ons na die beste redes vir oortuiging, keuse en optrede (Van Huyssteen 1997:47). Dit is 'n vorm van kommunikatiewe rasionaliteit waarin "goeie redes" 'n belangrike rol in 'n gespreksmatige benadering speel (vgl Habermas 1982; Pieterse 1990; sien ook Lose 2003:31-62). Postfundamentele teologie wil geloof in God herontdek sonder om die krag van die rede te verontagsaam. Hierdie benadering wil ons eie subjektiewe aannames krities bevraagteken, maar maak ook erns met die rol van ervaring soos ons dit vind in die tradisie, met persoonlike verbintenis, interpretasie, en die wete dat ons kennisaannames, ook van God, onvolledig en voorwaardelik is (Strydom 2005:14). Postfundamentele teologie erken kontekstualiteit en die belangrike rol van geïnterpreteerde ervaring met God soos dit neerslag vind in die tradisie van die geloofsgemeenskap. Dit speel 'n rol in ons waardes en die wyse waarop ons oor God en die wêreld nadink. Omdat kommunikatiewe rasionaliteit 'n rol speel in ons benadering wil hierdie teologie oor die grense van die plaaslike gemeenskap en kultuur op 'n gefundeerde wyse deelneem aan 'n interdissiplinêre gesprek in die akademiese forum. Met hierdie nuwe verstaan van rasionaliteit is die teoloog bemagtig om die pluralistiese, interdissiplinêre gesprek met volle persoonlike oortuiging te betree (Strydom 2005:14).

Vir die prediker maak die postfundamentele epistemologiese benadering oor die aard van ons kennis, naamlik geopenbaarde en geïnterpreteerde ervaring van die geloof, ook die weg oop daarvoor dat ons met persoonlike verbintenis aan die saak van die evangelie met oortuiging van God in die prediking kan praat. Vir die versterking van hierdie benadering is daar egter nog 'n komponent wat deel van die teorie uitmaak, naamlik die *kritiese realisme*.

### 3.2 Kritiese realisme en die fundering van 'n onafhanklike werklikheid

'n Opwindende ontwikkeling in die teologie van die laaste jare is die gesprek tussen teologie en verteenwoordigers van die natuurwetenskappe. Wetenskaplikes soos John Polkinghorne, Ian Barbour en Arthur Peacocke wat ook Christene is, het in gesprek getree met 'n hele aantal teoloë – ook Wentzel van Huyssteen. Die saak is aangepak deur " … a number of writers who have adopted a strategy of aligning theology and science in a common struggle against a

twentieth--century despair of any knowledge of reality" (Polkinghorne 1996:4). Ook die natuurwetenskappe moet kennis versamel en teorieë ontwikkel oor aspekte van die werklikheid wat hulle nie ten volle kan waarneem nie. Dit is dus die probleem wat ons in die eerste artikel (Pieterse 2005) en in die inleiding hierbo aangesny het. Daar moet 'n uitgangspunt wees dat daar 'n werklikheid onafhanklik van die mens bestaan. Die teoloë en sommige natuurwetenskaplikes het 'n

> …conformity with the way things are. Such a stance is usually called 'critical realism'. Its adherents explain the differences between the two disciplines in achieving agreed conclusions, with reference to science's being able to deal with a physical world that we transcend and that we can put to the experimental test, while theology is concerned with God, who transcends us and veils his infinite reality from direct contact with our finite being.
>
> (Polkinghorne 1996:4).

Ons kan slegs oor ons geloof verantwoording doen as ons glo in die teenwoordigheid van 'n eksterne realiteit waarmee ons kontak kan bewerkstellig (Strydom 2005:10). Dit kan geskied omdat die mens geestesvermoëns het om op God te konsentreer en op sy Woord wat na ons kom te reageer. Daarom kom Polkinghorne tot die volgende konklusie: "Theology in an age of science will have to base itself upon the appeal to motivated belief, arising from a critical realist interpretation of its proper domain of religious experience" (Polkinghorne 1996:24). Hierdie "motivated belief", gebou op 'n werklikheidsbeskouing van die kritiese realisme, probeer nie om die bestaan van God te bewys nie, maar poog slegs om redes te verskaf waarom ons op 'n bepaalde wyse redeneer en teoretiseer. Hierdie teologiese metode verskil nie soveel van dit waarmee ander wetenskaplikes besig is nie (vgl Van Huyssteen 1997:137).

Die filosofiese werklikheidsbeskouing van die realisme wissel met grade van sterker na swakker volgens McGrath(1999:65):

> a) "Entities in the world exist independently of the human mind".

b) “The only entities that can really be said to exist are the ‘extra–mental’ – that is, those which have an independent and real existence.”
c) “Both mental and nonmental entities exist.”

Die gemene deler van hierdie drie nuanses in die beskouinge van die realisme is egter dat “…entities exist in the world independent of human perception or any human mental process” (McGrath 1997:66). Die kritiese realisme staan die idee voor dat daar 'n verhouding tussen ons en die eksterne wêreld is, maar hoewel dit 'n realiteit is, is dit indirek en word dit bemiddel deur modelle, analogieë en metafore. McGrath (1999:67) som dit so op: “God exists indepently of human thought; humans are obliged to use models or analogies to depict God, who cannot be known directly.” Ons het openbaringskennis bedoel vir ons redding en heil in Christus, maar ons kan nie alles van God weet nie. Daarom word modelle en analogieë in die natuurwetenskappe en in die teologie gebruik.

Die werklikheidsbeskouing van die kritiese realisme, naamlik dat daar 'n werklikheid onafhanklik, ekstern van ons menslike werklikheid is, beteken vir die teologie en die prediking dat ons met vrymoedigheid kan preek oor God wat immanent by ons is, maar ook *transendent* is. Hy kom na ons in sy openbaring met die waarheid van die heil in Christus wat ons nie self kan bedink of verwerf nie, maar slegs kan ontvang en glo as 'n belofte van God op grond van sy woord, omdat God homself as 'n betroubare Persoon bewys het. Die kritiese realisme as filosofiese vertrekpunt vir ons siening van realiteit help ons om betroubare kognitiewe aannames te ondersoek oor domeine van realiteit (ingesluit die geestelike werklikheid) wat ons ervaring transendeer en waarbinne geïnterpreteerde ervaring die enigste epistemologiese bron is (Van Huyssteen 1997:44). Kritiese realisme maak die moontlikheid vir betroubare en geldige aannames oor die realiteit van God moontlik (Strydom 2005:9). Ons kan oor God praat in die prediking, want daar is 'n eksterne werklikheid, 'n werklikheid buite ons wat deur God se koms na ons toe in Christus en in sy Woord opgebreek is, sodat God by ons is en ons by Hom. En die Heilige Gees maak dit alles 'n lewende ervaring van God en sy heil vir ons (vgl Pieterse 2005a). In die heil wat God vir ons aanbied, hoor ons, glo ons en ervaar ons 'n lewensverandering – die ontmoeting met God. Maar, omdat ons nie alles van God kan weet nie praat ons in analogieë en metafore oor hom. Dit plaas die vraag

oor die moontlikheid van verwysing na God in die taal van die prediking op die tafel.

### 3.3 Taal en verwysing na God

Die taalteorie wat deur Austin (1976) en Searle (1969) ontwikkel is, die sogenaamde *speech action theory*, gee ons 'n basiese insig van hoe taal werk. Searle neem sy vertrekpunt uitgesproke ook in die werklikheidsverstaan van die realisme sodat hierdie taalteorie pas in die raamwerk wat hierbo geskets is. *Taal dra betekenis oor*. As dit nie die geval was nie sou daar geen kommunikasie tusssen mense gewees het nie. Die betekenis in 'n uitspraak val nie saam met die lokusie nie, maar lê op die vlak van die *illokusionêre* lading van wat gesê word, en daardie betekenis of proposisionele inhoud word op 'n verstaanbare wyse oorgedra aan andere (vgl Immink 1997:481; Ricoeur 1976). Die taalhandeling is 'n gebeure wat vlugtig gebeur en lyk of dit verganklik is. Op die illukusionêre vlak egter kan dieselfde handeling steeds opnuut geïdentifiseer word sodat 'n mens die betekenis as inhoud kan vasstel en in dieselfde woorde of in ander woorde kan herhaal. Ons kan dit selfs in 'n ander taal uitspreek of vertaal. Deur al hierdie veranderinge heen behou die uitspraak haar proposisionele inhoud, of dit wat gesê is (vgl Ricoeur 1976:16-22). Die betekenis van 'n uitspraak wat op kognitiewe, verstandsvlak lê, is dit wat voortbestaan na die vlugtige taalhandeling op 'n gegewe oomblik in die tyd. As hierdie taalgebeure op skrif gesit word deur 'n outeur kan ons tekste se betekenis verstaan al is dit hoeveel keer vertaal of geïnterpreteer deur die eeue.

Die betekenis van 'n uitspraak lê in die *verwysende funksie* van taal (Immink 1997:484). By verwysing gaan dit om die verhouding tussen taal en werklikheid. Ons praat oor iets en hierdie "waaroor" ons praat, is 'n verwysing, 'n bewering aangaande die werklikheid self. Die bedoeling van 'n skrywer, byvoorbeeld, kom tot uiting in die "wat" en die "waaroor" daar geskryf is, of in 'n gesprek gepraat word. Dit is verwysing na 'n buite-mentale, selfs na 'n buite-talige werklikheid (Immink 1997:484; Immink 2002). Die betekenis in die illokusionêre krag van taal dra 'n inhoud oor soos 'n idee, 'n insig, 'n belofte, 'n waarheid oor 'n saak, 'n aspek van die lewe, 'n aspek van die werklikheid om ons, ensovoorts. Na welke werklikheid kan ons in taal verwys? Na die alledaagse werklikheid, maar die realisme skryf ook aan eienskappe 'n bestaanswyse toe onafhanklik van die menslike gees (Immink 1997:484). Taal kan dus verwys na God wat

onafhanklik van die menslike gees en ons denke en idees bestaan en handel. Ons kan na God verwys in die prediking op die wyse waarop hy homself aan ons as Verlosser en Heer in die heilsgeskiedenis bekend gestel het. Ons kan sy Woord naspreek in die prediking in die taal en terme van vandag. Maar op sy beste stamel ons oor Hom wie se genade, liefde en ewigheid ons verstand en emosie te bowe gaan. Hy is ons God wat homself bekendstel, maar hom ook verhul. Hy is ongrypbaar vir ons verstand en taal, maar tog ook ons God en Heer wie se genade, liefde en sorg ons elke dag ervaar. In ons lewe van elke dag is Hy teenwoordig en werksaam.

In die lig van God se bekendstelling én verhulling, sy ongrypbaarheid en oneindigheid kan ons alleen maar in *metafore* oor hom praat: God as Herder, God as Koning, God as ons Rots, God as 'n Leeu, ensovoorts. Oor die geopenbaarde heil kan ons die Skrif in konkrete heilsfeite naspreek, al is dit geïnterpreteerde ervaring, maar ons spreke oor God in die prediking is uiteraard stamelend. Daarom kan ons God, in navolging van die Skrif, in metafore probeer begryp en ervaar. Vos (2005:321-327) gee 'n beskrywing van die funksies van metafore in taalgebruik. Die insig dat lewende metafore vernuwing in ons taal bring, nuwe insigte oopmaak en waarhede op verrassende wyses aanmekaar verbind, is onontbeerlik vir die prediking in ons spreke oor God. McGrath (1999:155-156) is van mening dat die mees gawe eienskap van metafore in die Christelike teologie (en prediking) die “open-ended character” van metafore is. 'n Metafoor is bedoel om so 'n oop einde te hê dat toekomstige lesers en interpreteerders in staat gestel word om tot nuwe insigte en kreatiewe idees geprikkel te word. Metafore rig die uitnodiging aan ons om verdere vlakke van betekenis in die teks te ontdek wat ander miskien nie raakgesien het nie of vergeet het. Metafore ontlok dikwels sterk emosionele reaksies. Metafore in ons Christelike geloofstaal is in staat om uitdrukking aan ons geloofservaring te gee wat liturgie en aanbidding oproep en tot 'n belewenis van die ontmoeting met God lei (McGrath 1999:156).

Ons het die voorreg om in die taal van ons geloof wat ons oor eeue geërf het en wat in elke nuwe situasie gevoed word deur die Skrif, God ter sprake te bring in die prediking. En hierdie insig staan op stewige teoretiese voete wat ons in die akademiese forum kan verdedig.

## 4 KONKLUSIE

Ek het die probleem wat in hierdie ondersoek hanteer is aan die hand van 'n aantal navorsingsvrae aangepak (vgl Pieterse 2005). Die laaste navorsingsvraag (d) gaan oor die vraag hoe 'n mens kan preek sodat God in die woorde van die prediker aan die Woord kom. By wyse van 'n konklusie oor die eerste drie vrae probeer ek 'n rigting aanwys ten opsigte van die laaste vraag.

In die tweede artikel (Pieterse 2005a) het ons teologies vasgestel dat God as Drie-enige God verhewe is (transendent) en naby is (immanent). In Jesus Christus het God na ons toe gekom in ons menslike werklikheid en taal. Om God te ontmoet en deur sy vernuwingswerk deur sy Woord en Gees 'n lewensverandering te ondergaan tot mens van God, moet die prediking ons help om tot kennis van God en kennis van onsself in die lig van die Skrif te kom. Omdat baie gemeentelede nie meer die Bybel goed ken nie, sal meer aandag aan onderrig uit die Skrif op 'n lewende en aktuele wyse gegee moet word. Die bevinding van die derde artikel is dat predikante in die tydsgees van vandag vrymoedigheid kan kry om die evangelie met oortuiging te preek indien hulle 'n vaste vertroue op God se beloftes volgens ons Reformatoriese teologie het (Pieterse 2005b). Kennis en vertroue in ons teologie as die grammatika wat die taal van ons prediking rig, is in ons tyd uiters noodsaaklik.

Om aktueel en met vrymoedigheid binne die lewensvrae van ons eie tyd te kan preek, moet ons hermeneuties te werk gaan om die teks se boodskap in vandag se tyd en taal sinvol te verstaan. Dit het ons hierbo in paragraaf (2) behandel. Die kern van die probleem wat die tydsgees met sy filosofiese vertrekpunte aan die prediking opdring, is onder paragraaf (3) behandel. Die postfundamentele epistemologie bied ons 'n wetenskaplike ruimte om teologiese kennis te versamel wat in die interdissiplinêre gesprek van die akademiese forum as legitiem aangebied kan word. Die kritiese realisme as 'n ander benadering tot die werklikheid as dié van sommige postmoderne skrywers en kunstenaars bied aan ons die grondslag vir ons geloof in die werklikheid van God waartoe ons oopstaan. Daar is geen teenstrydigheid van menslike en goddelike werklikheid in hierdie beskouing nie. Met die taalhandelingsteoretiese grondslag van Austin en Searle kry ons vertroue in die vermoë van ons preektaal om God ter sprake te bring in ons gemeente binne die konteks van ons eietydse wêreld.

Predikers kan met vertroue, vrymoedigheid en geesdrif die goeie tyding van die evangelieboodskap aktueel en konkreet vir vandag se mense verkondig. Ons hoef nie ons teologie in te ruil vir teologieë wat wesenlik vreemd aan ons Reformatoriese teologie is nie. Met nederigheid en die Bybelse soort verleentheid, maar nie radeloos nie (2 Kor. 4:8; vgl Heitink 1988) en met vrymoedigheid kan ons God ter sprake bring in die preek.

## BIBLIOGRAFIE


Altena, B. 2003. *Wolken gaan voorbij ... Een homiletisch onderzoek naar mogenlijkheden voor de preek in een postmodern klimaat.* Zoetermeer: Boekencentrum.

Austin, JL. 1976. *How to do things with words.* 2nd edition. Oxford: Oxford University Press.

Barnard, M. 2006. *Liturgie voorbij de Liturgische Beweging. Over 'Praise and Worship', Thomasvieringen, kerkdiensten in migrantenkerken en ritualiteit op het internet*. Zoetermeer: Meinema.

Bernstein, RJ. 1983. *Beyond objectivism and relativism.* Oxford and New York: Basil Blackwell.

Bosch, A. 2005. The pastoral and practical principles on which churches in the New Testament were based. MTh thesis, University of Zululand.

Derrida, J. 1973. *Speech and phenomena*. (Translation DB Allison). Evanston, Ill.: Northwestern University Press.

De Roest, H. 2006. *En de wind steekt op! Kleine ecclesiologie van de hoop*. 2de druk. Zoetermeer: Meinema.

Ebeling, G. 1967. *Wort und Glaube*. Dritte Aufgabe. Tübingen: JCB Mohr.

Edmundson, M. 2004. *Why read?* New York: Bloomsbury.

Foucault, M. 1979. *Discipline and punish: the birth of the prison*. (Translation by A. Sheridan). New York: Vintage Books.

Gadamer, H-G. 1960. *Wahrheit und Methode.* Tübingen: Mohr.

Gadamer, H-G. 1975. *Truth and Method.* London: Sheed and Ward.

Habermas, J. 1982. *Theorie des Kommunikatieven Handelns.* Bd I & Bd II. Frankfurt: Suhrkamp.

Henau, E .1997. De twee petten van de prediker. Redaksie: E. Henau, G. Immink. J. van der Laan. *Praktische Theologie* 24 (4):472-478.

Heitink, G. 1988. *“Om raad verlegen, doch niet radeloos…”* Kampen: Kok.

Immink, FG.1997. De twee petten van de prediker. Redaksie: E. Henau, G. Immink, J. van der Laan. *Praktische Theologie* 24 (4):479-497.

Immink, FG. 2002. Human discourse and the act of preaching , in CAM Hermans, G Immink, A de Jong & J van der Lans. *Social constructionism and theology*. Leiden: Brill:147-170.

Immink, FG. 2004. Homiletics: the current debate. *International Journal of Practical Theology* 8:89-121.

Jonker, E. 1998. *Van verstaan naar vertolken*. Meppel: Jonker Creaties.

Long, TG. 1989. *The witness of preaching*. Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Long, TG. 2001. *Beyond the worship wars. Building vital and faithful worship*. The Alban Institute.

Lose, DJ. 2003. *Confessing Jesus Christ. Preaching in a postmodern world*. Grand Rapids, Mi.: Eerdmans.

Lyotard, J-F 1990. *Heidegger en ‘de Joden.’* Kampen: Kok.

McElwain, RD. 2007. Theology in hymns. A study of selected Wesleyan hymn writers with special reference to theological instruction in today’s church. DTh dissertation, University of Zululand.

McGrath, AE. 1999. *Science and religion. An introduction*. Oxford: Blackwell.

Pasquarello III, M. 2005. *Sacred rhetoric. Preaching as a theological and pastoral practice of the church*. Grand Rapids, Mi.: Eerdmans.

Pieterse, HJC. 1979. *Skrifverstaan en prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Pieterse, HJC. 1990. A dialogical theory of communication from a Practical Theological perspective. *The Evangelical Quarterly. An International Review of Bible and Theology*. LXII (3):223-240.

Pieterse, HJC. 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika Uitgewers.

Pieterse, HJC. 2005. Hoe kom God aan die woord in die prediking? Die probleemstelling. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika/Practical Theology in South Africa* 20(1):77-95.

Pieterse, HJC. 2005a. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. *In die Skriflig* 39(3):409-422.

Pieterse, HJC. 2005b. Hoe kom God aan die woord in die prediking? 'n Vaste vertroue op God se beloftes is teologies noodsaaklik. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika/Practical Theology in South Africa* 20(2):110-128.

Polkinghorne, J. 1996. *Scientists as theologians. A comparison of writings of Ian Barbour, Arthur Peacocke and John Polkinghorne*. London: SPCK.

Ricoeur, P. 1976. *Interpretation theory. Discourse and the surplus of meaning*. Fort Worth, Texas: The Texas Christian University Press.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the human sciences*. Cambridge: Cambridge University Press.

Strydom, M. 2005. Vyf dogters van Eva skilder 'n engel. Die gebruik van terapeutiese kuns in die uitlewing van spirituele identiteit by die jong volwasse vrou. PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Searle, J. 1969. *Mind, body and society. Philosophy in the real world*. London: Phoenix.

Van Huyssteen, JW. 1997. *Essays in postfoundationalist theology*. Grand Rapids, Mi.: Eerdmans.

Vos, CJA. 2005. *Theopoetry of the Psalms*. Pretoria: Protea Book House.

Wells, DF. 1994. *God in the wasteland. The reality of truth in a world of fading dreams*. Grand Rapids, Mi.: Eerdmans.